

Hoofstuk van die dag: Johannes 11

> *Toe Jesus haar sien huil, en dat ook die Jode huil wat saam met haar gekom het, het dit Hom hewig ontstel, en Hy het diep bewoë geword. (vers 33, 2020-vertaling)*

Het jy al gewonder hoe God oor die dood voel?

Hier kry ons so ’n klein kykie in God se hart, as Jesus by die graf van ’n vriend van Hom staan en saam met hulle huil (33, 35, 38). Vir God is die dood van ’n dierbare nie maar net een van daardie dinge wat ook weer sal verbygaan nie. Want ons smart gryp Hom aan die hart.
Verder, as Johannes hier skryf dat Jesus gehuil het, gebruik hy ’n baie sterk uitdrukking wat nie in ons Afrikaanse Vertaling so duidelik uitkom nie. Die 2020-vertaling vertaal: “diep bewoë” en “hewig ontsteld”. Ons sou ook kon vertaal: Hy het kwaad geword, of: Hy het in opstand gekom.
Jesus is woedend, want die dood breek God se skepping stukkend. Hy is in opstand, want dít is nie hoe God die wêreld gemaak het nie.
Jesus kom in opstand teen die heerskappy van die dood, só in opstand dat Hy die dood oorwin, dat Hy self opstaan uit die dood, en ons met Hom saam!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026